# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 7 NOVEMBER 2018

**1. OPENING EN VERWELKOMING -** Flippie Bezuidenhout open met gebed en George Nezar verwelkom almal teenwoordig.

**2. PRESENSIE-** Die volgende lede is afwesig met verskoning: Pieter le Roux, Johan Lotter en Robbie Landers

**3. LIEF EN LEED -** Geen

**4. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE**- Punt 16.9 word gewysig en notule word aanvaar

**5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE-**

5.1 Tender uit vir die herseelprogram van strate en sodra dit toegeken word sal kennisgewing van die strate wat herseel gaan word aan Belastingbetalersvereniging voorsien word.- Rdl Anton

5.2 Rheebokrif HEV - Skrywe ontvang van N Prins (Regsdienste) dat aangeleentheid aandag geniet.

5.3 Bouwerk Sondae – Klagtes moet gerig word aan Verkeersafdeling, neem foto's waar nodig vir Bouinspekteur

5.4 Brand van Groengordels – Buks verduidelik dat dit glad nie op die program is nie.

5.5 Trappe vanaf Olckers na Kusweg – Trappe is op privaat eiendom. As alternatief word Rdl Anton en Cecil Barry versoek om eienaars besoek en oplossing probeer vind indien die kennisgewing vanaf die munisipaliteit nie help nie. Voorsitter sal eers skrywe rig aan munisipaliteit om eienaar kennis te gee om te herstel of te verwyder.

5.6 Strepe op Impalalaan – In proses om gedoen te word.

**6. AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING**

6.1 Gesamentlike beplanningsvergadering vir vakansieseisoen – Bygewoon deur George Nezar en Buks Pieterse. Verskeie punte word uitgelig.

6.2 Kommer word uitgespreek oor eiendomsagente wat misbruik maak van hulle borde teenstrydig met Munisipale Regulasie en die onvermoe van die polisiering daarvan deur die Munisipaliteit.

6.3 Bourommel op Noordsig 53 - afgehandel

6.4 Erf 928 Brandgevaar – Brief ontvang vanaf Elize Nel dat skrywes in Maart, Junie en Julie 2018 gestuur is aan die Departement Openbare Werke en ook na Hoof van Rampbestuur vir optrede.. Dit word op die eerskomende munisipale Bestuursvergadering se agenda geplaas

6.5 Publiek sal uitgenooi word om kwartaaliks MBBV vergaderings by te woon. Datums sal by jaarvergadering bekend gemaak.

**7. BOUINSPEKTEUR –** Andre Rayners versoek dat lys van onwettige ingange aan hom deurgegee word. E-pos asb enige klagtes direk aan hom

**8. FINANSIES** – R592.00 word aan POSILCO betaal vir die instandhouding van web domain

**9. WEBSITE INSTANDHOUDING -** Klaus Oellrich - info@midbrakratepayers.co.za

**10. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEE RAADSVERGADERINGS**

George Nezar en Mike Wray woon maandeliks vergadering by en gee terugvoer.

**11. WYKSKOMITEES – Wyk 5**

11.1 Vergadering spreek hulle kommer uit oor die astronomiese kostes van voetbrug in Groot Brakrivier.

11.2 Toedeling van fondse vir verfraaiing van area tussen Reeboksaal en Superrette n trimpark word voorgestel.

**Wyk 4** – Parkeerarea Beyersstraat Klein Brakrivier – wag vir publieke deelname George vra raadslede dat ons asb in kennis gestel word van enige vergaderings wat plaasvind in die area

**12. PROJEKTE-** Herbou van R102 – Van Impalaweg tot Leani Kwekery behoort klaar te wees by 13 Desember 2018

**13. BEWAREA**- Geen nuwe terugvoer oor die beoogde visplaas.

**14. POLISIERING/BUURTWAG-**

14.1 Jaques Radley lewer verslag oor die misdaad in die area en deel vergadering mee dat daar nou ligte aangebring is soos versoek in die park in Albertiniaweg Fraaiuitsig.

**14.2 VUURWERKE IS STRENG VERBODE IN ONS AREA – plaas op web ook**

14.3 Huisnommers wat in donker reflekteer is teen R100 beskikbaar by Buurtwag want in die geval van nood moet huise ge-identifiseer word en meeste van die tyd is daar geen nommers op nie.

**15. KORRESPONDENSIE-** Skrywe met terleurstelling ontvang van Abrie Nel oor Melkhoutbome op erf 1853 wat nie deur munisipaliteit verplant sal word nie

**16. PLAASLIKE SAKE**

**16.**1 **De Lange Uitb. -** Ann Pretorius – groen sakke word nie opgelaai nie

**16.**2 **Toekoms-** geen verteenwoordiger

16.3 **Rheebok Village/Groenkloof -** Andre Smit – Gate wat gegrawe is wat nie toegemaak is nie, groen sakke wat nie verwyder word nie – gee deur na raadslede vir opvolg.

16.4 **Fraaiuitsig-** Frik Nel en Charl Coetzer –

16.5 **Tergniet**- Francois Thiart - nie teenwoordig – voorsitter sal dit opneem met hom.

16.6 **Tergniethoogte-** Mike Wray en George Nezar -

16.7 **Reebokhoogte**- Jaques noem dat strate wat oorgeteer is nog nie gemerk is nie

16.8 **Reebokrif-**Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout

16.9 **Reebok: Noord van die spoorlyn -** Johan Lotter het in sy afwesigheid versoek dat lede asb deur hul areas ry en kyk na stopstrate en tekens wat moontlik afgeroes het.

1. **Suid van die spoorlyn** - Verkeerbestuursplan – nodig by veral spesiale geleenthede soos die Buff-Rally ens. Rdl Anton en Rdl Annatjie neem kennis – vir aandag verkeersdept. Asb.
2. Keermuur – Bouinspekteur verduidelik hul riglyne tydens hul terrein inspeksies. Gee probleme deur na hom op skrif asb.
3. Spooroorgang De Jagerstraat – Kontakbesonderhede van persoon met wie geskakel kan word oor die probleem, word deur Cecil deurgegee aan Rdl Anton – Dank aan Cecil vir sy hulp hiermee.

16.10 **Klein Brakrivier-**Robbie Landers en Pieter le Roux – het versoek kennisgewingborde dat visvang verbied word by swemstrande waar publiek swem.

16.11 **Riverside-** geen verteenwoordiger

**17. ALGEMEEN- geen**

**18. VOLGENDE VERGADERING SAL OP WOENSDAG, 5e DESEMBER 2018 OM 13H00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL PLAASVIND**

| **MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2018**<br><br>**Onderwerp**<br>**1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling- voorgestelde grondgebruik veranadering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting** | **Bespreking**<br><br>**Junie 2019** |
|---|---|
| **2. Stormwatersloot in Kusweg** | **Februarie 2019** |
| **3. Sake by Munisipale Regsafdeling:**<br>**a) Tennisbane- Klein Brakrivier(navraag oor eiendomsreg)**<br>**b) Erf 264 en 271 Reebok (vordering van eiendomsreg)** | **Rdl Anton**<br>**April 2019**<br>**Bewarea** |